


## JACO MEYER

Dr. Jaco Meyer is 'n komponis, akademikus en onderwyser wat in 2017 sy PhD in musikologie en musiek-analise aan die Skool vir Musiek en Konservatorium van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus voltooi het, asook 'n FTCL in komposisie by die Trinity College of London. Die fokus van sy navorsing is musiek-analise en luisteraars se persepsie van musiek, spesifiek aan die hand van die teorie van musikale kragte. Hierdie teorie is in sy proefskrif krities evalueer en uitgebrei. Jaco se navorsing is baie positief by verskeie nasionale en internasionale kongresse ontvang. Hy is tans 'n navorsingsgenoot van MASARA aan die Noordwes-Universiteit.

https://orcid.org/0000-0002-5281-3834

rjmeyer.music@gmail.com


# H. PIETER VAN DER WESTHUIZEN OP 90:

## 'n Biografiese Oorsig


Jaco Meyer



## OPSOMMING

Hercules Pieter van der Westhuizen (*1931-) is 'n Suid-Afrikaanse komponis wat tesame met Hennie Coetzee en Willem Mathlener op die Interkerklike Hersieningskommissie van die Afrikaanse Psalmbundel in 1977 gedien het. Van der Westhuizen was die verteenwoordiger van die NG-Kerk. Sy bydraes tot die kerk- en koorrepertoire in Afrikaans is 'n besonderse kunsskat wat tot vandag toe nog gereelde gebruik en uitvoering geniet. Bykomend tot sy rol as komponis, word Van der Westhuizen deur baie mense onthou as musiekonderwyser en -dosent, koordirigent en orrelis. Ondanks sy buitengewone bydraes tot musiek, en afgesien van die talle erkennings en toekennings wat hy ontvang het, het Van der Westhuizen minder akademiese aandag geniet

as wat hy verdien. 'n Biografiese studie is in 2008 onderneem, maar die skripsie is nie gepubliseer of in 'n biblioteek beskikbaar nie. Volgens Van der Westhuizen is daar talle feitefoute in dié skripsie en kan dit nie as 'n betroubare bron gebruik word nie. 'n Huldigingsbundel wat in 2007 deur die *Vriende van Afrikaans* onder leiding van Amanda de Stadler uitgegee is, is 'n waardevolle bron van Van der Westhuizen se musiek. Dit is egter 'n bladmusiekbundel met min biografiese inligting oor Van der Westhuizen self. Die doel van hierdie artikel is om dié leemte te vul deur 'n omvattende biografiese studie van Van der Westhuizen as orrelis, koorleier en komponis tot die beperkte literatuur oor hom te voeg en terselfdertyd hulde te bring aan Van der Westhuizen wat vanjaar (2021) sy 90ste verjaardag vier.


## ABSTRACT

Hercules Pieter van der Westhuizen (*1931) is a South African composer who served on the Interchurch Review Commission of the Afrikaans Psalm Anthology in 1977. His contributions to the church and choir repertoire in Afrikaans is a significant art treasure that are still used and often performed. In addition to his role as composer, Van der Westhuizen played an important role as music teacher, lecturer, choir conductor and organist. Despite his contributions to music, and apart from the many acknowledgements and awards, he received little academic attention. The goal of this article is to address this shortage of a published, comprehensive biographical overview, as well as to celebrate his 90th birthday that is celebrated this year (2021).

This article is a narrative biographical study. Information for this article was mostly collected by means of various interviews and conversations with Van der Westhuizen. The main sources for this article were the information of the written interviews, Van der Westhuizen's curriculum vitae and available literature. The information provided in this article was reviewed and confirmed by Van der Westhuizen. His biographical details are discussed, starting with his training, followed by his work as pedagogue, organist, choir conductor and composer. An overview of his awards and acknowledgements, concluding with his legacy is also included.

## METODOLOGIE



*Pieter van der Westhuizen (foto voorsien deur en gebruik met die toestemming van Van der Westhuizen)*

Hierdie artikel is 'n narratiewe biografiese studie, soos beskryf deur Creswell en Poth (2018:70). Creswell en Poth (2018:70) onderskei tussen 'n biografiese studie en 'n lewensgeskiedenis, waar 'n lewensgeskiedenis 'n omvattende studie van 'n persoon se hele lewe is en 'n biografiese studie 'n studie waarin navorsers skryf oor die ervaringe van 'n ander persoon. Die element wat 'n narratiewe biografiese studie onderskei van 'n gewone biografie of resumé, is dat dit meer bevat as basiese feite en ook die persoon se ervaringe insluit. Omdat daar 'n spesifieke fokus is op Van der Westhuizen se werk in musiekkringe, is hierdie studie spesifiek 'n biografiese studie en nie 'n lewensgeskiedenisstudie nie (Creswell & Poth, 2018:70). Die hoofbronne wat vir hierdie artikel geraadpleeg is, is versamel deur middel van verskeie onderhoude en gesprekke wat met Van der Westhuizen gevoer is. Creswell en Poth (2018:71-72) skryf dat navorsers stories deur verskillende bronne versamel en dit herorganiseer in chronologiese volgorde of volgens temas. Die inligting van die geskrewe onderhoude, Van der Westhuizen se curriculum vitae en beskikbare literatuur is gebruik as data (kyk Merriam, 2009:32) om hierdie artikel saam te stel. Die inligting wat in hierdie artikel weergegee word, is deur Van der Westhuizen nagegaan en bevestig. Ek verklaar ook dat ek geen persoonlike of finansiële gewin geniet deur hierdie artikel te skryf nie.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om Pieter van der Westhuizen te bedank vir sy kosbare tyd om waardvolle insette te lewer, asook *Vriende van Afrikaans* wat die Huldigingsbundel aan my beskikbaar gestel het.

# AGTERGROND, ONDERRIG EN OPLEIDING

Hercules Pieter van der Westhuizen is die enigste kind van Andries le Roux van der Westhuizen (1894-1994) en Anna Remerta (Mertie) Malan (1905-2007). Hy is op 18 Januarie 1931 in Bloemfontein gebore, alhoewel sy ouers woonagtig was in Wepener, waar sy vader 'n klerk in die goederekantoor in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens was en sy moeder 'n private klavier-onderwyseres en orreliste van die NG Kerk. Hy het vir die eerste dertien jaar van sy lewe in Wepener grootgeword, waar sy moeder hom tussen die ouderdom van vyf tot veertien self in klavier onderrig het. Hy was 'n leerder aan die Laerskool Wepener (Van der Westhuizen, 2021).

Dit was gedurende hierdie tyd dat die jong Pieter sy belangstelling in die skeppende deel van musiek getoon het en as sesjarige sy eerste kort 'klavierwerkie', *Slaapliekie*, geskryf het. Hy het ook as tiener vir sy moeder se kerkkoor 'n vierstemmige weergawe van *Ons Vader* getoonset wat deur haar koor uitgevoer is. Later het hy ook sy moeder gehelp om kopieë van stempartye te maak van die werke wat haar koor uitgevoer het, hoofsaaklik in solfa-notasie, want die meeste koorlede kon nie musieknotasie lees nie (Van der Westhuizen, 2021).

Sy vader se werkgewers het hom in 1944 na Kimberley verplaas, waar hy bevorder is tot handelsinspekteur in die Spoorweë en sy ouers het hulle in Kimberley gaan vestig. Pieter was 'n leerder aan die gesogte Grey Kollege en hy het in die skool se koshuis in Bloemfontein tuisgegaan. Alhoewel musiek op daardie stadium nog nie 'n erkende skoolvak in die Vrystaatse Onderwysdepartement was nie, het hy klavierlesse voortgesit by die skool se musiekonderwyser, mnr. Leonard Shepstone. Met die hulp van Shepstone het hy verskeie pryse op kunswedstryde in Bloemfontein gewen en gedurende sy matriekjaar in 1948 sy Graad 8 UNISA praktiese klaviereksamen onderneem (Van der Westhuizen, 2021).

Toe hy hom in 1949 as eerstejaarstudent aanmeld by die Konservatorium van die Universiteit van Stellenbosch, is hy deur professor Maria Fismer ontvang. Prof. Fismer was die hoof van die Konservatorium vanaf 1938 tot 1951 en kon dié besonderse jong man, vir wie sy jare vantevore in Dewetsdorp geëksamineer het, verdere leiding gee as klavierstudent. Sy tweede instrument was tjello by mnr. Walter Swanson. Dit was sy droom om homself as uitvoerende tjellis te bekwaam. Prof. Fismer het hom die volgende dag ingeroep om uit te vind hoekom hy nie eerder orrel as 'n praktiese vak gekies het nie. Hy het haar meegedeel dat hy nie fondse tot sy beskikking vir die lesgeld vir 'n derde instrument het nie. Hy wou eerder 'n tjellis in 'n simfonie-orkes word, as om elke dag van die week klavierlesse te gee en naweke as kerkorrelis vas te

wees – dalk nog ook met koorverpligtinge daarby. Prof. Fismer het hom die volgende dag weer ingeroep en ingelig dat sy vir hom 'n beurs gekry het om orrellesse te neem. Hy was egter te bang om haar teë te praat en het dit so aanvaar (Van der Westhuizen, 2021). Min het hy geweet dat kerkmusiek en kerkkore later sy passie en beroep sou word. Nog minder het hy geweet, maar eers later uitgevind, dat prof. Fismer nooit werklik vir hom 'n beurs gevind het nie, maar self vir sy orrellesse betaal het (Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen het UNISA se lisensiaat in uitvoerende kuns in klavier en orrel albei in 1951 ontvang. Hy het ook in 1951 die Stellenbosse Onderwysdiploma in Musiek *cum laude* geslaag. Sy BMus-graad het hy in 1952 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi.

Gedurende sy finale studentejaar in Stellenbosch het hy in Kaapstad 'n kursus in dirigeerkuns onder die internasionaal-bekende dirigent, Albert Coates, gevolg. Sy praktiese dosente gedurende hierdie tyd was prof. Maria Fismer (klavier en orrel), prof. George van der Spuy (klavier en orrel),[1] mej. Sarah Muller (orrel), mej. Helga Bassel (klavier), mej. Magriet Wandelt (sang) en mnr. Walter Swanson (tjello) (Van der Westhuizen, 2020).

Hy het in 1963 sy kennis oor orreluitvoering verbreed deur in Frankfurt am Main, Duitsland, 'n meestersklas van die merkwaardige blinde Duitse orrelis en komponis, Helmut Walcha, by te woon. In 1977 en 1984 het hy kursusse gevolg in gevorderde koorkomposisie, orrel en koorleiding aan die Westminster Choir College in Princeton in die VSA. Die komposisieklasse is aangebied deur Alice Parker, orrel deur Joan Lippencott en Eugene Roan, en koorleiding deur Robert Shaw en David Willcocks. Gedurende hierdie tyd het hy ook onder leiding van Shaw en Willcocks in hul kore gesing, met optredes in die Lincoln Center in New York (Van der Westhuizen, 2020).

In 1965 is hy as dosent in Orrel aangestel aan die Konservatorium van die Universiteit Stellenbosch en in 1977 bevorder tot senior lektor – 'n pos wat hy tot en met sy aftrede in 1991 beklee het (Van der Westhuizen, 2020).

## PEDAGOOG

Gedurende sy finale studentejaar en ook kort nadat Van der Westhuizen sy BMus-graad verwerf het, is hy verskeie musiekposte aangebied. Een daarvan was 'n

[1] Alhoewel Van der Spuy beter bekend is as 'n sangdosent, het Van der Westhuizen wel klavier- en orrellesse van hom ontvang.

pos as hoof van 'n musiekskool in Heidelberg, maar die pas-gegradueerde Pieter was op daardie stadium nog nie bereid om die leisels as hoof van 'n groep ervare onderwysers oor te neem nie (Van der Westhuizen, 2021). Die orrelispos van die NG Gemeente Griekwastad is hom aangebied, asook die musiekonderwyserpos van Hoërskool Griekwastad – hy het beide dadelik aanvaar en na Griekwastad verhuis (Van der Westhuizen, 2020).

Van der Westhuizen het 'n jaar lank baie gelukkig op Griekwastad gebly en gewerk. Gedurende daardie jaar (1953) op Griekwastad het hy besef het dat hy, ten spyte van sy ontwikkeling, ook ander geleenthede moet aangryp. Die dominee van die NG Gemeente Retreat het hom in September 1953 gebel en hom die orrelispos daar aangebied. Hy is ook gevra om 'n musiekonderwyserspos aan die Hoërskool Jan van Riebeeck te vul en hy het dit aanvaar. Die pos aan die Hoërskool Jan van Riebeeck was net vir 'n jaar beskikbaar, aangesien een van die skool se drie musiekonderwysers gereël het om 'n jaar langverlof te neem. Dit is gedurende hierdie tyd wat hy vir Elise Groenewald ontmoet het. Elise, wat later sy vrou sou word, het vir die Naaldwerkpos aan die Hoërskool Goodwood-Epping aansoek gedoen en haar aansoek was geslaagd. Hulle het in 1953 verloof geraak en in 1955 getrou (Van der Westhuizen, 2020).

Ná die jaar as musiekonderwyser by die Hoërskool Jan van Riebeeck het hy by die Hoërskool Goodwood-Epping (1955-1956) skoolgehou. Daarna by Hoërskool JJ du Preez (1956-1958) en Hoërskool Bellville (1959-1964). Sy onderrig by skole het in 1965 opgehou toe hy as dosent by die Universiteit Stellenbosch aangestel is. Hy het vanaf 1976 tot 1996 as eksaminator vir UNISA opgetree en só kon hy betrokke bly by die ontwikkeling van jong musici (Van der Westhuizen, 2020).

## ORRELIS

Alhoewel orrel as instrument aanvanklik nie sy eerste keuse was nie, het die orrel tog 'n belangrike plek in sy musiekloopbaan ingeneem. Sy eerste orrelispos was in 1953 by die NG Kerk in Griekwastad. By sy laaste pos as orrelis was hy 25 jaar in diens van die NG Kerk Stellenbosch-Sentraal/Studentekerk Stellenbosch (1965 tot sy aftrede in 1990). Hy was dus altesame 38 jaar lank 'n kerk-orrelis.

Ek het Van der Westhuizen gevra oor sy benadering tot die erediens en hy het soos volg geantwoord: "Persoonlik maak ek nie van die Begeleiersboek gebruik nie, maar speel net van die gewone Psalmboek met die enkel-melodielyn af en harmoniseer terwyl ek dan begelei. Ek vind dit baie makliker om die teks, wat deur die gemeente

gesing word, op só 'n wyse te volg en te begelei" (Van der Westhuizen, 2021).

## KOORLEIER

In al die gemeentes waar Van der Westhuizen orrelis was, was hy ook verantwoordelik vir die kerkkoor. Dit het reeds by die NG gemeente in Griekwastad begin waar die kerkkoor gedurende die nagmaaldienste en middelkerkdienste gesing het. In 1946 is die Kweekskoolkoor gestig. Dit was 'n mannekoor wat net uit Kweekskool-studente saamgestel is. Prof. Gawie Cillié, wat toe orrelis van die Moederkerk was, is gevra om die koorleier te wees. Die eerste kooroefening was op 20 Maart 1946. Prof. Cillié het bestaande SATB-koorwerke vir vierstemmige mannekoor verwerk en van 'n Afrikaanse teks voorsien. Hennie Joubert, 'n klavierstudent van die Konservatorium, het as pianis die koor begelei en ook saamgetoer. Gedurende Junie/Julie 1946 het die koor sy eerste toer onderneem. 'n Gulhartige ontvangs het die koor orals te beurt geval en groot lof is ingeoes – 'n noemenswaardige optrede was saam met die Durbanse Stadsorkes. Prof. Cillié was die koorleier van 1946 tot 1951, daarna Chris Lamprecht in 1952, Pieter de Villiers in 1953, Hennie Joubert in 1954 tot 1955, en Pieter van der Westhuizen in 1956 tot 1957. Die koor het aanvanklik eers in sale opgetree en toegang is gevra. Daar is later gevind dat met donasies ongeveer dieselfde inkomste gegenereer is. Die fondse wat opgebou is, is beskikbaar gestel vir beurse en lenings aan voornemende kweekskoolstudente (Van der Westhuizen, 2021).

Gedurende 1964 het Van der Westhuizen 'n versoek van die Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste ontvang om 'n koor saam te stel en af te rig, wat gereeld in die operas wat KRUIK in Kaapstad aangebied het, op te tree. Met al die verpligtinge wat hy moes nakom op Stellenbosch, het hy nie kans gesien om verder vol te hou met die Kruik-koor nie en dit toe bedank.

Van der Westhuizen het in April 1965 die orrelis van die NG Gemeente Stellenbosch-Sentraal geword. Tydens die akademiese jaar van die Universiteit het die Stellenbosch-Sentraal-Kerkkoor Sondagaande tydens die erediens gesing. By laasgenoemde gemeente was daar 'n sogenaamde oggend- en aandkoor met onderskeidelik 25 en 65 lede (Van der Westhuizen, 2021). Hierdie koor het in 1979 op spesiale uitnodiging van die FAK 'n uitvoering gelewer vir die 50ste bestaansjaar van dié organisasie. 'n Langspeelplaat is in 1980 vrygestel, asook 'n kassetopname in 1983 met verskeie werke wat deur die koor uitgevoer is. Hierdie koor het 65 lede gehad en 'n waglys van meer as 100 mense jaarliks – dit was gevolglik die grootste kerkkoor in die land gedurende daardie tyd (Van der Westhuizen, 2020).

Hy het nie slegs kerkkore gedirigeer nie, maar ook skool- en onafhanklike kore. Van der Westhuizen het onder andere die volgende kore gedirigeer: Die Stellenbosse Sangfeeskore, Hoërskool Bellville Koor, Kerkkoor Bellville-Wes, Die Kweekskoolkoor, die KRUIK-operakoor, die Kerkkoor Stellenbosch-Sentraal/Studentekerk Stellenbosch en die SANLAM-koor. Grootskaalse koor- en orkeswerke soos Bach se *Johannespassie*, Bach-kantates, Beethoven se koorsimfonie, Borodin se *Polowetse Koordanse*, Brahms se *Requiem*, Hubert du Plessis se *Slamse Beelde*, Haydn se *Die Skepping* en *Die Nelson-mis*, Schubert se *Mis in G*, Verdi se *Requiem* en Vivaldi se *Gloria* is met kore en orkeste soos die Kaapstadse Simfonie-orkes, die KRUIK-orkes, Tübingen-strykorkes, US Simfonie-orkes en die US Strykensemble uitgevoer (Van der Westhuizen, 2020).

Hy het ook massakooroptredes gelei met koorgroepe van tot 800 lede. 'n Besonderse optrede van die massakoor was by die feesvieringe van die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl in 1975. By hierdie geleentheid het hy die samesang van meer as 30 000 mense gelei (Van der Westhuizen, 2020).

Van der Westhuizen het in 1958 die Bellville se Koorvereniging in Bellville, en in 1970 die Stellenbosse Koorvereniging, gestig. Hy was die eerste koorleier van Kruikkoor en het tussen 1963 en 1975 op die KRUIK-Musiekkomitee gedien (Van der Westhuizen, 2020).

Prof. Richard Behrens (1999:34), eertyds hoof van die Konservatorium, verwoord sy waardering vir Van der Westhuizen se werk met: "'n Ander koordirigent wat ons dorp se musieklewe deur dekades heen verryk het, is Pieter van der Westhuizen. Met sy twee kore, die Stellenbosse Koorvereniging en die Stellenbosch-Sentraal Kerkkoor, was hy baie ondernemingsvol." Ná Van der Westhuizen se aftrede in 1990 as orrelis en koorleier by die Stellenbosch Studentekerk het 'n oudlid, Anton Els, die koor oorgeneem. Die koor het later bekend geword as die Canticum novum koor. Die koor is tans heelwat kleiner en bestaan ook nie meer net uit studente nie (Van der Westhuizen, 2021).

## KOMPONIS

### Koormusiek

Die verskeie koorgeleenthede en veelvuldige uitvoerings het meegebring dat daar 'n groter aanvraag was na 'n uitgebreide koorrepertoire in Afrikaans. Van der Westhuizen kon 'n konstruktiewe bydrae tot hierdie leemte maak en het gevolglik

begin om heelwat koorwerke self te komponeer. Die kern van Van der Westhuizen se werk as komponis het in die koormusiek gelê: "In 'n Afrikaanse erediens maak dit nie vir my enige sin uit, dat die koor in 'n ander taal as Afrikaans sing nie! Of dit nou ook al in Engels, Nederlands, Duits of Latyn is, pas dit net nie vir my daar nie! Die gemeente moet tog met die woorde van die koorstuk in die hart saam kan beleef. Heimlik was ek nog altyd baie jaloers op die eeue-oue kerkkoor-musiekskat waaroor die Engelse, Hollanders, Duitsers en die Engelse beskik. Die [Europese] koorleier het daar 'n baie groot keuse wat by die erediens se hoofgedagte sal kan aansluit om 'n eenheid in die diens te vorm. Ek het baie gou besef hoe skraps die Afrikaanse kerkkoor-musiekskat is. Dr. [Gawie] Cillié het 'n versameling van Afrikaanse kerkkoorwerke gehad, waar hy baie van die 'vreemde' tale self in Afrikaans moes vertaal. Ek het hom dit probeer nadoen, maar het ook toe besluit om eie oorspronklike werke te probeer skep" (Van der Westhuizen, 2021).

As ywerige komponis het Van der Westhuizen nou betrokke geraak by die beplanning van die eredienste en het hy probeer om sy musiek 'n integrale deel van die diens te maak. Hy het byvoorbeeld met ds. Derick Conradie gekonsulteer oor die teks wat hy wil gebruik vir die bevestigingsdiens vir nuwe lidmate by die NG Kerk Bellville-Wes. Daarvolgens het hy onder andere uit Jesaja 43:1 ("Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne!") en 2 Timoteus 3:14 ("Bly in wat jy geleer het en waarvan jy seker is, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is") gekies wat hy kon toonset vir dié besonderse geleentheid. Die naam van hierdie koorwerk is *Wees nie bevrees nie* (c. 1963). Hy het later, saam met ds. Dirk Oosthuizen, die ideaal vervul om die musiek op 'n diep vlak te integreer en het byna weekliks musiek gekomponeer vir die erediens – dit is op Woensdae met die koor ingestudeer en op Sondae uitgevoer. Sy samewerking met ds. Oosthuizen sonder hy uit as 'n tyd van heerlike samewerking (Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen se kerkkoormusiek is deels geïnspireer deur Alice Parker tydens 'n kortkursus in komposisie in Princeton in 1977. Elke kursusganger moes 'n koorwerk komponeer wat dan deur Robert Shaw se koor vir die kursusgangers onder leiding van Alice Parker uitgevoer is. Hierdie opdrag was vir Van der Westhuizen aanvanklik 'n struikelblok, omdat sy kore slegs in Afrikaans sing. Hy het Parker hiervan verwittig, asook dat hy nie 'n digbundel saamgebring het om te gebruik vir 'n teks nie. Haar antwoord was: "But surely, you brought your bible along?" Hy het toe besluit om die teks van Filippense 4:6-7 (1953-vertaling) te gebruik ("Wees oor niks besorg nie!"). Die groep het die vyf-stemmige werkie die volgende dag gebladsing en aangesien hulle so baie daarvan gehou het, het hulle dit 'n paar dae later 'n tweede keer

uitgevoer. Een van die lede was só beïndruk met die werk, dat sy die Engelse teks by die musiek aangepas het *("Be ye careful for nothing")* en dit, met Van der Westhuizen se toestemming, in die VSA laat publiseer het (Van der Westhuizen, 2021).

Alhoewel hy self 'n orrelis was, het Van der Westhuizen nie werklik orrelkomposisies gekomponeer nie. Hy het slegs iets vir orrel gekomponeer as daar 'n daadwerklike behoefte was, maar omdat hy self as orrelis opgetree het, het hy dikwels geïmproviseer waar nodig. Hy het ook gevoel dat daar reeds 'n groot skat orrelmusiek beskikbaar is en dat die behoefte aan Afrikaanse koormusiek groter was en meer aandag benodig het. Sy musiek is deur verskeie mense, in besonder deur Reino Ottermann, beskryf as "erediens-vriendelike musiek" – iets waarop hy baie trots was. Later het 'n Oostenrykse vriend van sy dogter, Anmari, 'n naspel wat gebaseer was op Psalm 95 se Geneefse melodie, uitgevoer. Sy dogter se opmerking, dat sy verbaas was dat hierdie werk in 'n meer "hedendaagse styl" was, was genoeg om hom só te ontmoedig dat hy die werk totaal en al geskrap het (Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen is in 1988 vereer met die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging se Erelidmaatskap "ter erkenning van sy groot bydrae tot die bevordering van die Kerkmusiek in Suid-Afrika" (Van der Westhuizen, 2020). Hierdie Erelidmaatskap het Van der Westhuizen (2021) laat nadink oor sy rol in die kerkmusiekgemeenskap van Suid-Afrika: "Hoe kan ek dankie sê, en hoe kan ek van nog groter nut wees in diens van die Koninkryk van die Here deur middel van ons belewenis van die kerkmusiek tydens die erediens? Ek sal nooit vergeet nie hoe ek een oggend baie vroeg, nou al baie jare gelede, in die Petrus Kerk in Genève – die kerk waar Calvyn gepreek het – gesit het en in my gedagtes gehoor het hoe Psalm 68 ("Die Heer sal opstaan tot die stryd") deur die gemeente onbegeleid gehoor sing het! Dit het my diep ontroer en ek het onderneem om, as die Here wil, my te beywer om ons gemeentesang te help bevorder tot groter eer van ons Here."

Die oudlede van die NG Gemeente Stellenbosch-Sentraal/Stellenbosch Studentekerk het in 2011 'n koorreünie gereël ter viering van sy tagtigste verjaardag. Hierdie drie-dae reünie het uitvoerings deur die kore van Laerskool Eikestad, Hoërskool Stellenbosch, die Universiteitskoor Stellenbosch en die Canticum Novum ingesluit. Verskeie van Van der Westhuizen se koorkomposisies is gedurende die naweek uitgevoer en die reünie is die Sondag afgesluit met Psalm 42, *Kom sing vir Hom 'n nuwe lied, Want so lief het God die wêreld gehad,* en *Wees nie bevrees nie* (Van der Westhuizen, 2020).

In 1989 het die Suid-Afrikaanse Koorvereniging tydens die jaarvergadering in Windhoek vir Van der Westhuizen met 'n Erelidmaatskap vereer. Dieselfde jaar word die KUESTA-koorfees vir universiteits- en kollegekore asook die uitvoering van die Universiteitskoor van Pretoria in Stellenbosch aan hom opgedra. Die Florida se Dameskoor het in 1990 'n oorkonde aan hom oorhandig "vir [sy] bydrae tot die Afrikaanse koormusiek, wat die dameskoorlede met soveel genot instudeer en uitvoer". Hy ontvang ook later daardie jaar 'n oorkonde vanaf die Rektor van die Universiteit Stellenbosch tydens die Stellenbosse Sangfees. Die Kerkkoor Studentekerk, onder leiding van Anton Els, het in 1991 die uitvoering in die Endlersaal aan hom opgedra ter viering van sy sestigste verjaardag. In 2007 ontvang hy 'n medalje en 'n oorkonde vanaf die ATKV vir "sy bydrae tot die uitbouing en bevordering van die Afrikaanse Koorkultuur" (Van der Westhuizen, 2020).

## Kerkmusiek

Van der Westhuizen het van 1961 tot 1990 op die Sinodale Kerkmusiekkommissie van die NG-Kerk van Suid-Afrika (later die Sinodale Eredienskommissie genoem) gedien en was sedert 1962 tot 1977 die sameroeper van die NG-Kerk se Hersieningskommissie van die Afrikaanse Psalmmelodieë. In 1977 is hy deel van die Interkerklike Hersieningskommissie van die Afrikaanse Psalmbundel en die NG Kerk se verteenwoordiger van die *ad hoc*-komitee wat verantwoordelik was vir die voltooiing van die hersiene Afrikaanse Psalmmelodieë (Van der Westhuizen, 2020). Dit was gedurende hierdie tyd dat hy saam met prof. Hennie Coetzee en mnr. Willem Mathlener aan die Psalmboek gewerk het.

Van der Westhuizen en Coetzee het besonder goed saamgewerk en het beide saamgestem dat die oorspronklike Geneefse melodieë se styleienskappe moet dien as riglyn vir die skryf van nuwe melodieë vir gemeentesang. Van der Westhuizen onthou: "Ek kan onthou dat ons elkeen ewe veel melodieë geharmoniseer het. Ek dink ek kan onthou dat Hennie [Coetzee] met Psalm 1, Mathlener Psalm 2 en ek Psalm 3, en in daardie volgorde elke derde Psalm sodat ons nie alles van 1 tot 50 doen nie, en iemand anders 51 tot 100 nie, en die volgende dan van 101 tot 150. Dit was om te probeer verhoed dat daar 'n te duidelike verskil tussen die harmonieë van die groepe bymekaar sou wees." Hulle het ook etlike probleme teëgekom. Die benadering en styl van Willem Mathlener was nie vir die keuringskomitee bevredigend nie, insluitend Bennie Bierman van die Hervormde Kerk. 'n Ander span het toe oorgeneem en 'n kompromie is bereik rakende die verhoging van note in die melodielyn wat modulasie sou kon impliseer: 'n kruis is bokant die notebalk aangedui om vir die begeleier die keuse te gee om die verhoging te speel of nie. 'n Ander, soms

omstrede, twispunt was die byvoeging van die lewende komponiste se name by die melodieë in die boek. Daar is ten einde laaste besluit om alle lewende komponiste se name uit te laat (Koraalboek, 1977; Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen stem saam met Hennie Coetzee (2020) wat genoem het dat chromatiese harmonie nie werklik by die harmonisasies gebruik is nie. Hy het in opdrag van die SAUK verskeie plaatopnames gemaak van baie van die Afrikaanse Psalms en Gesange wat in die 1944- en 1978-bundels voorkom. Hiervoor het hy die NG Bellville-Wes en die Stellenbosch-Sentraal/Studentekerk se kore ingespan. Hy is in 1993 vir 'n Artes-toekenning genomineer vir *Sing tot die Heer*, 'n reeks Sondagprogramme wat hy vir Afrikaans Stereo aangebied het (Van der Westhuizen, 2020).

Hy onthou: "Die bydraes van baie van die medewerkers was baie dikwels onnet geskryf en soms selfs nog in potlood en onduidelik, wat beteken het dat, ten einde die musieksetter (mnr. Van Es in Studio Holland, eers in Bainsvlei, later in Kaapstad) in staat te stel om presies te weet wat ek hoe die musiek geset moet word, hy die *hele* sangbundel netjies moes oorskryf en om presies aan te dui hoe die uitleg daarvan moes lyk. Dit was nog voor daar sprake was van rekenaarprogramme en om musiek op daardie wyse gedruk te kry. Die musiekdruk het gepaard gegaan met afsonderlike handstempels wat in die ink gedoop word, wat beteken het dat elke noot met die hand tussen die lyne of tussen die spasies letterlik een-vir-een gestempel word. Dis 'n pynlik stadige proses" (Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen was nie slegs as komponis betrokke by die skepping en bevordering van kerkmusiek nie, maar ook in sy hoedanigheid as voorsitter en lid van verskeie komitees en direksies. Dit sluit in: Direkteur van die NG Kerk Uitgewers; Direkteur van Waterkant 30-uitgewers; Direkteur van Lux Verbi; verteenwoordiger van die Wes-Kaaplandse Sinode in die Eredienskommissie van die NG Kerk se Algemene Sinode; lid van die Proefsangbundelkomitee van die NG Kerk; Bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging; Voorsitter van die Wes-Kaap streek van die Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging; lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; lid van die FAK se Musiekkomitee; Voorsitter van die FAK se Musiekkomitee; Eindredakteur van die Afrikaanse Psalmbundel van 1977 en Psalmkoraalboek van 1977; Eindredakteur van die FAK se Volksangbundel van 1979; Eindredakteur van die Voortrekkersangbundel van 1981; en raadslid van die Raad van Kultuurbevordering: Wes-Kaap (Van der Westhuizen, 2020). Reino Ottermann (1999:12) noem Van der Westhuizen as een van die prominente kerkmusiekkomponiste wat in die spore van die alombekende Friederich Wilhelm

Jannasch gestap het.

Tien van die Psalms in die 1978 Psalm- en Gesangebundel bevat oorspronklike melodieë deur Van der Westhuizen: Psalms 12, 63, 70, 88, 92, 120, 126, 129, 144 en 147. Hy het ook aanpassings van die Geneefse melodieë gemaak vir Psalms 20, 41 en 137. Met die verskyning van die Liedboek van die Kerk (Liedboek, 2001) is nog van sy melodieë gebruik vir Psalms 3, 5, 12, 41, 59, 63, 92, 127, 129, 131, 147 en Lied 474. Aanpassings van melodieë is in die Psalmboek van die Gereformeerde Kerke (Psalmboek, 2001) gemaak vir Psalm 20, 41 en 137 met nuwe melodieë vir Psalms 3, 5, 12, 88, 41, 59, 63, 70, 92, 120, 126, 127, 129, 131, 144 en 147 (Van der Westhuizen, 2020).

Ander liturgiese werke wat van belang is, is sy motet, *Loof die Here,* wat in 1979 in opdrag van die FAK gekomponeer is, *Drie Koorwerke op gedigte van CL Leipoldt* wat in 1980 in opdrag van die SAUK gekomponeer is, sy motet *Kom, laat ons jubel* wat in 1988 gekomponeer is in opdrag van die Hugenote-komitee en 'n koorwerk *U lig en u waarheid* in opdrag van die Stigting vir die Skeppende Kunste in 1994 (Van der Westhuizen, 2020). Van der Westhuizen (2021) is van mening dat die motet *Loof die Here* 'n goeie toonbeeld van sy styl en benadering tot komposisie is. Hierdie motet is deur die Oostenrykse komponis, Hannes Heher, geset as 'n vriendskapsgebaar en aan Van der Westhuizen geskenk (De Stadler, 2007:85). Drie van sy koraalvoorspele (*Psalm 5* en twee voorspele vir *Ek kniel ook voor u voete, Heer*) is in die SAKOV-Feesbundel opgeneem (Jordaan & Kruger, 2001) en sy koraalharmonisasie vir Lied 269, *God bly met u,* is in die SAKOV-bundel met inleidings, alternatiewe koraalharmonisasies en naspele opgeneem (Jordaan, 2021).

'n CD getiteld *Pieter van der Westhuizen – Gewyde Koorwerke* is in 1997 vrygestel deur die Singkronies Kamerkoor onder leiding van Johann van der Sandt (1997) en 15 van Van der Westhuizen se koorwerke is in 1991 deur Lux Verbi uitgegee in die bundel *Halleluja! Laat ons sange jubel!* (Van der Westhuizen, 1991; 2020).

Hy het in 1989 'n Oorkonde van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging ontvang omdat hy deur die organisasie beskou is as 'n komponis "wat 'n daadwerklike bydrae tot die uitbouing van die koorsangkuns gelewer het deur, as komponis en koorleier, veral kerkmusiek te bevorder". In 1991 word hy vereer met die Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns "vir sy aandeel ter bevordering van Afrikaans op Godsdienstige gebied, en veral om sy bydrae tot die Gereformeerde Kerklied en Gewyde Afrikaanse Koorsang". Die Gawie Cillié-gedenklesing wat in 2008 tydens die SAKOV Algemene Jaarvergadering in

Windhoek deur prof. Daleen Kruger, destydse voorsitter van SAKOV, gelewer is, het ook hoofsaaklik oor sy bydrae tot die kerkrepertoire gehandel. In 2018 ontvang Van der Westhuizen verdere erkenning vir sy bydrae tot kerkmusiek: die Andrew Murray-FAK-toekenning vir sy "besonderse bydrae tot ons Christelike Musiekskat, veral deur u koorwerk" (Van der Westhuizen, 2020).

## Ander musiek

Wanneer dit kom by nie-liturgiese musiek, is Van der Westhuizen gesteld daarop dat sy musiek nié in "hedendaagse styl" gekomponeer is nie. Dit verwys daarna dat hy in 'n tonale styl komponeer wat die meer konvensionele harmoniese beginsels en riglyne volg. Hy verkies om na sy eie musiek as "gebruiksmusiek" te verwys, sedert dit die eerste keer sodanig benoem is deur Joggie Spies (vader van die digter, Lina Spies) met moontlike verwysing na Hindemith se gebruik van dié term. Die grootste deel van sy nie-liturgiese musiek is skoolliedere vir skole soos Kakamas skool, Bothashof skool, Hoër Handelskool Tygerberg, Hoër Tegniese skool in Kimberley, Hoërskool Adamantia, Hoërskool Britztown, Hoërskool DF Malan, Hoërskool Kathu, Hoërskool Stellenbosch, Hoërskool Swartland, Hoërskool Swellendam, Kharkams skool, Laerskool Diamantveld, Laerskool Eikestad, Laerskool Jan van Riebeeck, Laerskool ML Fick, Laerskool Saffier, Laerskool Staatspresident CR Swart, Laerskool Swellendam, Laerskool Volmoed, Laerskool Zonnekus, G van Wyk Gedenkskool-Sutherland, Hopetown skool en Hoërskool Sishen. Daar is ook huisliedere gekomponeer vir die Magdalena Tehuis, Majuba, Huis Marais en André van der Walt. Hy het ook 'n kort skool-operette, *Anneke van die Kasteel* (woorde deur Rubin Stander), gekomponeer vir die Hoërskool Bellville waarby hy as klavieronderwyser betrokke was (Van der Westhuizen, 2021).

In 1967 ontvang Van der Westhuizen die opdrag om 'n fanfare te komponeer vir die inhuldigingsgeleentheid van die aangewese Staatspresident, dr. Eben Dönges, op 31 Mei daardie jaar. Dr. Dönges het egter 'n beroerte gekry voordat die geleentheid kon plaasvind en is in Januarie 1968 oorlede. Die fanfare is toe vir die eerste keer uitgevoer toe mnr. Jim Fouché in April 1968 die Groote Kerk in Kaapstad binnegestap het nadat hy as Staatspresident ingehuldig is. Hierdie werk is later weer gebruik by P.W. Botha se aankoms in Mosselbaai waar hy 'n toespraak gelewer het vir die Diasfeesvieringe, asook by die inhuldiging van F.W. de Klerk as Staatspresident (De Stadler, 2007:72; Grobbelaar, 2008:33-36; Van der Westhuizen, 2021).

In 1971 ontvang Van der Westhuizen 'n opdrag om 'n trompetfanfare te komponeer vir die tienjarige Republiekfeesvieringe. Hierdie onbegeleide vierstemmige koorwerk is gebaseer op die tekste van C.P. Hoogenhout, A. Pannevis, D.F. du Toit en S.J. du Toit. Hierdie werk, genaamd *'n Ieder Nasie het sy Land*, bevat verskeie koorgedeeltes wat deur trompetfanfares onderbreek word. Dit is in Mei 1971 op die skoufeesterrein van die  in Goodwood onder Van der Westhuizen se leiding uitgevoer met 'n massakoor van 600 lede en die vloot se orkes. Hierdie werk is in 1979 in die FAK-bundel opgeneem (Lied no. 25) (De Stadler, 2007:72; Grobbelaar, 2008:33-36; Van der Westhuizen, 2021).

Van der Westhuizen se verwerkings van patriotiese liedere soos die *Vrystaatse Volkslied* en *Land, Volk en Taal* is in die nuwe FAK-Sangbundel (FAK, 2002) opgeneem. Bekende volksliedjies is ook deur hom verwerk en in die FAK-Sangbundel gepubliseer. Hierdie werke sluit in *Dis lente in die Boland, Pollie, ons gaan Pêrel toe, Kom ons gaan blomme pluk, Al lê die berge nog so blou, Liewe Maan, Wat maak oom Kalie daar?, Siembamba, Die bootjie na Kammaland* en *Jan Pierewiet*. Gewyde werke in die FAK-Sangbundel is *Gebed van Paul Kruger* en *In dulci jubilo*. Van der Westhuizen het ook die woorde vir die eerste vers van *Die Smid* geskryf waarvan die musiek oorspronklik deur Johannes Brahms gekomponeer is.

Van der Westhuizen se werk, *Agt Fanfares vir die Inwyding van die Taalmonument*, is in 1975 versoek deur die programkomitee wat die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op 10 Oktober 1975 gereël het. Die komitee het spesifiek versoek dat elke fanfare die volkswysie van *Waar Tafelberg begin* as basis moet gebruik. Dit is by dié geleentheid deur die Vlootorkes uitgevoer onder leiding van R. Marlow (De Stadler, 2007:72; Grobbelaar, 2008:33-36; Van der Westhuizen, 2021).

## TOEKENNINGS EN VERERINGS

Buiten die lof wat Van der Westhuizen van gehoorlede wêreldwyd ontvang het, is hy ook deur verskeie instansies vereer vir sy bydrae tot musiek. In 1981 ontvang hy die "Orde: Vriend van die Voortrekkers" en die "Erepenning van die Orde" vir sy diens gelewer aan die Voortrekkers. In 1996 het hy die FAK se Toekenning vir Besonderse Kultuurprestasie ontvang "vir sy buitengewone rol in die bevordering van musiek". Die Hoërskool Stellenbosch het ook aan hom 'n Spesiale Eretoekenning toegeken vir sy bydrae tot kultuur. In die daaropvolgende jaar het die Laerskool Eikestad, vir wie hy 'n skoollied gekomponeer het, hulde aan hom gebring tydens die skool se dertigste bestaansjaar. 'n Huldigingskonsert en huldigingsbundel is in 2007 deur die

Vriende van Afrikaans gereël en saamgestel. In 2009 word die FAK-Erepenning "vir toegewyde, onbaatsugtige diens aan musiek in Suid-Afrika" aan Van der Westhuizen oorhandig. Hy het ook in 2011 by die Stellenbosse Eisteddfod die pryse by die Senior-Pryswennerskonsert oorhandig nadat dié geleentheid aan hom opgedra is. Dit was ook gedurende hierdie tyd wat die Kerkkoor en die Universiteitskoor van Stellenbosch Van der Westhuizen se tagtigste verjaardag met 'n konsert gevier het (Van der Westhuizen, 2020).

## TYDGENOTE SE GETUIENIS OOR SY NALATENSKAP

Albert Troskie (2007:iii) skryf: "Pieter van der Westhuizen is een van Suid-Afrika se groot kerkmusici. As kerkorrelis, kerkkoorleier, komponis, himnoloog en pedagoog het hy diep en waardevolle spore getrap. Sy noue betrokkenheid by die 1978- en 2001-liedbundels van die Afrikaanse kerke, en veral sy talle pragtige melodieë in dié bundels getuig hiervan."

Chris Lamprecht (2007:v) onthou spesifiek hulle samewerking met Philip McLachlan, Dirkie de Villiers en Anton Hartman toe hulle aan die nuutste weergawe van die FAK-Sangbundel gewerk het. Lamprecht getuig dat Van der Westhuizen deur sy toonsettings van Bybeltekste "bewys gelewer [het] van sy uitsonderlike gawe om prosa uit die Bybel te toonset. Sy aanvoeling vir die ritme van Afrikaans en die heiligheid van die Woord het gekulmineer in gewyde koorwerke van onskatbare waarde. Daarvoor verdien hy ons hoogste dank."

Izak Grové (1999:52) skryf die volgende oor Van der Westhuizen: "Ek wil in dié verband [kerkmusiek] ook graag die waardige persoon en werk van Pieter van der Westhuizen (geb. 1931), aan u voorhou. As kerkmusikus het hy 'n aansienlike hoeveelheid tyd en energie aan die bevordering hiervan bestee, en dit op 'n artistieke vlak wat min hom kan nadoen. Dit het die Akademie gelukkig reeds ingesien. As orrelis, orreldosent en 'n lid van verskeie kerkmusiek-kommissies, het hy kerkmusiek geskryf wat gewild geraak het en deur verskeie kore uitgevoer is. Miskien was die blywendste inpak vir die deursnee luisteraar sy gereelde uitvoerings van die *Johannes-Passie*. Die verlies daarvan is steeds voelbaar."

## SLOT

Pieter van der Westhuizen is een van Suid-Afrika se uitstaande komponiste wat 'n besonderse bydrae tot die kerkmusiek in Afrikaans gemaak het. Hy is met talle toekennings vereer en het unieke opdragwerke ontvang vir grootskaalse historiese

gebeurtenisse. Deur sy musiek, laat Van der Westhuizen 'n geskiedenisskat agter wat vir nog lank in Afrikaanse kerke en volksmusiek neerslag sal vind. Die hoogtepunt van sy musiekloopbaan het hom vroeg te beurt geval toe hy in 1977 een van die "groot drie" was wat die hersiening van die Psalmboek behartig het.

In 'n mate kan Van der Westhuizen se werk ná 1977 as 'n verlenging van sy bydraes tot die Psalmboek gesien word. Hy het hom beywer om sogenaamde erediens-vriendelike gebruiksmusiek in 'n konvensionele harmoniese styl te komponeer. Daar is unieke uitdagings om hedendaags in só styl te komponeer, veral teen die agtergrond van die Europese meesters wat die kuns van tonale musiek vervolmaak het. Dit is egter waarskynlik weens hierdie konvensionele benadering dat Van der Westhuizen nie dieselfde diskoers as sy tydgenote ontsluit het nie en gevolglik minder aandag van akademici ontvang het. Maar hierdie beskeie komponis het inderdaad 'n wye oeuvre geskep wat gerus met 'n vergrootglas deur geïnteresseerde akademici benader kan word.

Hierdie artikel lewer 'n unieke bydrae tot die literatuur oor Van der Westhuizen deurdat dit nie slegs algemene feite weergee nie, maar ook Van der Westhuizen se belewenis weerspieël deur die narratiewe metodologie. Dit vorm dieper biografiese insig in die werk van Van der Westhuizen.

Van der Westhuizen en sy vrou, Elise, is tans woonagtig in 'n aftreeoord in Stellenbosch. Sy afhanklikheid van 'n klavier waarby hy kan komponeer maak die skeppingsproses tans moeilik en hy reken dat die "komponeer-werk het opgedroog". Hy praat gereeld met groot lof van sy seun, Andricus Pieter van der Westhuizen – wat tans lid is van die Wes-Kaapse provinsiale parlement en Voorsitter van Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning – en sy dogter, Anmari van der Westhuizen-Joubert. Laasgenoemde is 'n bekende tjellis en die hoof van die Odeion Strykkwartet (Van der Westhuizen, 2021). Weens die COVID-19-pandemie kon daar ongelukkig nie vieringe vir Van der Westhuizen se negentigste verjaardag plaasvind nie. Hy voel egter dat hy sy bydraes met oorgawe gemaak het en sy motto is die woorde: "Es ist vollbracht!"



# BRONNELYS


Behrens, R. 1999. Hoogtepunte sedert 1950. (*In* Ottermann, R., *red.* Die Musieklewe van Stellenbosch. Stellenbosch: Die Stellenbosse Heemkring. pp. 33-41.)

Coetzee, H.P.A. 2020. Composer Interview Series 2 – Hennie Coetzee en Jaco Meyer. [YouTube video]. https://www.youtube.com/watch?v=XcG0uzPgZik Datum van toegang: 28 Desember 2020.

Creswell, J.W. & Poth, C.N. 2018. *Qualitative Inquiry and Research Design: Choosing Among Five Approaches.* 4e uitgawe. Kalifornië: Sage.

De Stadler, A. 2007. *Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel.* Stellenbosch: African Sun Media.

Grobbelaar, M.L. 2008. Hercules Pieter van der Westhuizen se bydrae tot die Suid-Afrikaanse musiekkultuur. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Skripsie – BMus Hons).

Grové, I. 1999. Stellenbosse Komponiste. (*In* Ottermann, R., *red.* Die Musieklewe van Stellenbosch. Stellenbosch: Die Stellenbosse Heemkring. pp. 42-54.)

Jordaan, G. & Kruger, D. 2010. *SAKOV 30 Feesbundel. Orrel-, koor- en instrumentale verwerkings.* Volume 1. Queenswood: SAKOV.

Jordaan, G. 2021. *Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging SAKOV (1980-2020). Inleidings, Alternatiewe Koraalharmonisasies, Naspele.* Queenswood: SAKOV.

Koraalboek. 1977. *Koraalboek vir Afrikaanse Psalms en Skrifberyminge.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Lamprecht, C. 2007. Huldigingswoord. (*In* De Stadler, A. Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel. Stellenbosch: African Sun Media. p. v.)

Liedboek. 2001. *Liedboek van die kerk.* Wellington: NG Kerk-Uitgewers.

Merriam, S.B. 2009. *Qualitative Research. A guide to design and implementation. 3de uitgawe.* San Francisco: Jossey-Bass.

Ottermann, R. 1999. Historiese Oorsig. (*In* Ottermann, R., *red.* Die Musieklewe van Stellenbosch. Stellenbosch: Die Stellenbosse Heemkring. pp. 7-24.)

Psalmboek. 2001. *Psalmboek. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.* Wellington: NG Kerk-Uitgewers.

Troskie, A. 2007. Voorwoord. (*In* De Stadler, A. Pieter van der Westhuizen Huldigingsbundel. Stellenbosch: African Sun Media. p. iii.)

Van der Sandt, J. 1997. Pieter van der Westhuizen – Gewyde Koorwerke. Singkronies Kamerkoor onder leiding van Johann van der Sandt. JNS Musiek. [CD].

Van der Westhuizen, H.P. 1991. Halleluja! Laat ons sange jubel! Kaapstad: Lux Verbi.

Van der Westhuizen, H.P. 2020. CV van H Pieter van der Westhuizen: 8 Desember 2018 – 8 Augustus 2020. (Ongepubliseerde CV).

Van der Westhuizen, H.P. 2021. Navraag oor onderhoud. [e-pos kommunikasie]. 23 Junie 2020 tot 8 Maart 2021, e-pos.